# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (41/18)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 12 Oktober 2018

***"Work expands so as to fill up the time available for its completion" Parkinson's Law***

## NA-OES MARKVEREISTES EN VERKLARINGS (ETIKETTERING) WERKSWINKEL

CGA bied 'n werkswinkel aan om markvereistes en verklarings/etiketteringskonvensies vir na-oesbehandeling op sitrus vir alle belangrike sitrusmarkte te bespreek. In wese is die uitkoms van die werkswinkel om vorige (nou verouderde) Snykant kommunikasie oor hierdie onderwerp op te dateer. **Datum:** 31 Oktober 2018. **Tyd:** 14:00 – 16:00. **Plek:** Olive Grove, LNR Infruitec, Stellenbosch. Alle belanghebbende partye word uitgenooi en RSVP aan Paul Hardman (ph@cga.co.za). Navrae kan aan Paul gerig word. Die voorneme is om voor die einde van die jaar 'n soortgelyke werkswinkel in die noordelike produksiestreke te hou - besonderhede sal volg.

## DoT STEM IN OM NIE REGULASIE 224 (B) IVM VERVOER VAN "HIGH CUBE" HOUERS NA 1 JANUARIE 2019 TOE TE PAS NIE

Die Minister van Vervoer, Min. Blade Nzimande het met bedrysliggame op Donderdag 11 Oktober in Kaapstad oor die pad vorentoe vergader om die regulatoriese impak van die vervoer van "high cube" houers wat 4,3 m oorskry, op te los. Die Minister het ingestem om nie regulasie 224 (b) vir 'n tydperk van 12 maande, tot 1 Januarie 2020, toe te pas nie. Binne hierdie tyd het DoT hul daartoe verbind, om deur navorsing, die aanvaarbaarheid van die toepassing van regulasie 224 (b) te evalueer, wat die vervoer van vrag op goedere voertuie tot 'n maksimum hoogte van 4.3 m toelaat. Die DoT het verseker dat navorsing teen Julie 2019 afgehandel sal wees, waarvan die resultate die regulatoriese raamwerk in die geval van die vervoer van "high cube" houers op padvoertuie sal lei. Fruit South Africa sal deel van die navorsingskomitee wees.

## CRI TEGNIESE TOEKENNING 2018: PETER STEPHEN

*Peter het op 2 Oktober 1974 op die ouderdom van 20 jaar by die SA Koöperatiewe Sitrusbeurs begin werk. Dit het saamgeval met die eerste mislukkings van organofosfaat korrektiewe bespuitings om rooi dopluise in die Letaba- / Letsitele-distrik te beheer, die begin van 'n groot krisis wat die bedryf se lewensvatbaarheid bedreig het. Hy was betrokke in die ontwikkeling van 'n weerstandstoets vir rooi dopluis en het honderde toetse oor die volgende 5 jaar uitgevoer. Hy was toe betrokke by die ontwikkeling van OP-oliekombinasies en olie alleen vir rooi dopluisbeheer. Hierdie alternatiewe beheeropsies het die sleutel vir die redding van die bedryf teen die OP-weerstandbiedende rooi dopluisbedreiging, geword. Hy het die eerste evaluerings van misblasers vir die gebruik op sitrus uitgevoer. Later het hy die veldwerk gedoen wat tot die registrasie van Meothrin vir blaaspootjies en Agrilure en HymLure vir vrugtevlieë gelei het. Teen die einde van die 1980's was hy weer die man in die ontwikkeling van Insekgroeireguleerders vir rooi dopluisbeheer, wat 'n nuwe era in die effektiewe beheer van hierdie belangrike plaag met laer volumes olie, ingelei het. Die volgende gebied van sitrusplaagbeheer waarin hy betrokke was, was die ontwikkeling van sistemiese produkte - Konfidor en Mospilan. Verdere navorsing oor blaaspootjies in die 1990's het tot die registrasie van Regent en Abamectin gelei en 'n waardering vir die waarde van roofmyte in die boom en in die grond. Nie net was hy die man wat die akkuraatheid van die veldwerk wat hierdie ontwikkelings ondersteun het, verseker het nie, maar hierdie werk was ook in wisselwerking met koue-behandelingsnavorsing oor vrugtevlieë en VKM, wat aanleiding gegee het tot die na-oes disinfestasie-behandelings wat sentraal was tot die bedryf se huidige marktoegang.Hierdie koue-behandelingswerk sluit pro-aktiewe koue-behandelingsnavorsing op B. dorsalis in. Meer onlangs, om beperkings oor die doeltreffendheid van beheermaatreëls weens MRL-beperkings aan te spreek, het hy proewe uitgevoer wat die registrasie van Mitigate as 'n vervanging vir Acarol teen knopmyt moontlik gemaak het, en 'n nuwe toksiese middel vir gebruik in vrugtevlieg lokaas, Exirel. Ons het nou ook 'n noodregistrasie vir die beheer van die groen sitrus blaarspringer as gevolg van sy proewe met organiese produkte. Afgesien van plaagbeheer, het hierdie kandidaat se aandag aan detail gelei tot baie van die foto's wat vandag in die bedryfsriglyne soos ons Plaag en Natuurlike Vyande ID boekie en 'n paar van die kleur en "blemish" standaarde gebruik word. Die kumulatiewe waarde van sy onvermoeide ontwikkeling van verbeterde beheeropsies vir belangrike sitrusplae kan nie beraam word nie. Hy is 'n man van groot nederigheid wat die groot respek verdien wat hy van almal wat hom en sy werk ken, ontvang.*

## GEPAK EN VERSKEEP (neem kennis dat PPECB steeds probleme met hul stelsels ondervind - week 37 tot 40 se paksyfers is nie elektronies opgedateer nie)

| Tot Week 40<br>Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB/Agrihub** | 2016 | 2017 | 2018 | 2017 | 2018 | 2018 | 2018 | 2017 |
| Pomelo's | 13.8 m | 15.6 m | 18.7 m | 14.6 m | 17.7 m | 16.8 m | 18.7 m | 15.7 m |
| Sagte Sitrus | 12.2 m | 13.4 m | 15.9 m | 13 m | 15.7 m | 14.7 m | 16 m | 13.4 m |
| Suurlemoene | 15 m | 19 m | 19.6 m | 18.8 m | 19 m | 20.6 m | 19.9 m | 19 m |
| Nawels | 26.2 m | 21.1 m | 26.4 m | 21.1 m | 26.3 m | 25.7 m | 26.4 m | 21.1 m |
| Valencias | 42 m | 52.5 m | 47.1 m | 50.3 m | 47.4 m | 53.9 m | 52 m | 53.8 m |
| **Totaal** | **109.2 m** | **121.6 m** | **127.7 m** | **117.8 m** | **126.1 m** | **131.7 m** | **133 m** | **123 m** |